

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

DIE LAASTE WOORD

Soos aanvanklik in hierdie reeks genoem, sou dit dalk nie 'n slegte idee gewees het as daar, soos die nuwe vuurwapenwet, wetgewing in plek was om die roekelose en nalatige gebruik van 'n besigheid te beperk nie. Boerdery, as 'n besigheid, gaan oor meer vaardighede as perdry, koeimelk, windbuksskiet en skaaprekkies aansit. 'n Persoon wat nie op hoogte is met al die wetgewing en reëls wat op 'n boerdery van toepassing is nie, is beslis nie vaardig of geskik om te kan boer nie en hou 'n gevaar vir die persone in waarmee hy handel dryf, vir wie hy werk gee en by wie sy finansiering bekom.

Ongelukkig bestaan daar nie wetgewing wat 'n vaardigheidsertifikaat vir boerderye afdwing nie en kan enigeen wat 'n plaas tot sy beskikking het begin boer. In die afgelope reeks artikels is daar dus gepoog om daardie aspekte aan te raak wat van kardinale belang vir die bedryf van 'n boerdery is.

Verantwoordelikheid

Verskeie wette is direk of indirek van toepassing op 'n boerdery. Hoewel die boer nie 'n prokureur moet wees om dit op sy boerdery toe te pas nie, behoort hy bewus te wees van al die wette en ten minste te weet op watter aspek van sy boerdery dit betrekking het. Ongeag die wetgewing moet die eienaars van 'n besigheid verantwoordelikheid vir al die besigheid se aktiwiteite en ook die gevolge daarvan aanvaar. Al tree die eienaars op op grond van advies wat konsultante, die bankbestuurder, die boekhouer of selfs die prokureur aan hulle verskaf, kan sulke persone net vir doelbewuste misleidings of nalatighede aanspreeklik gehou word en nie vir die sukses of mislukking van die besigheid self nie.

Finansiële rekordhouding

Die eerste verantwoordelikheid is dat die boer behoorlike finansiële rekords moet byhou. Die rede daarvoor is dat dit oor akkuraatheid, betroubaarheid en aanvaarbaarheid van die finansiële stand van die boerdery gaan en dat dit ook oor die tydige beskikbaarheid van bestuursinligting gaan. Finansiële rekords gaan beslis nie net oor belastingopgawes nie.

Die meeste besighede, waaronder boederye uiteraard ook sorteer, word opgerig met die doel om 'n wins te maak. Wanneer daar 'n wins is, kom inkomstebelasting ook ter sprake. Die meeste boere wil geensins betrokke raak by enige belastingaspekte van hulle boerderye nie en skuif hierdie funksie in geheel af op hulle boekhouders. As daar dan probleme opduik trek hulle skouers op en blameer die boekhouer daarvoor. Die boekhouer gee egter net weer wat in die boerdery gebeur het en daarom is dit noodsaaklik dat die boer self ook 'n algemene begrip het van die verskillende aktiwiteite van SARS en ook sy verpligtinge teenoor SARS in gevolge belastingwetgewing.

Die meeste boerdery-ondernemings behoort gerieflik as 'n klein of medium sake-onderneming te kan kwalifiseer en sodoende vir omvangryke belastingvoordele kwalifiseer. Die belastinglas op sulke besighede is so min as 10% op die belasbare inkomste. Wins teen 'n billike belastingkoers en nie belastingvermyding nie, behoort dus elke boerdery se sakedoelwit te wees.

Kontrakte

Alle boere moet die een of ander tyd 'n ooreenkoms met 'n party buite sy boerdery aangaan. Hoewel so 'n ooreenkoms ook mondelings aangegaan kan word, word dit meestal in die vorm van 'n formele kontrak vasgestel. 'n Kontrak is 'n rekord en 'n bekendmaking van die intensies en voornemens van twee of meer partye tot mekaar. Die kontrak weerspieel die wedersydse aanvaarding van die voorwaardes tot die ooreenkoms. Die belangrikste aspek is dus die wedersydse ooreenkoms, hetsy dit 'n kredietverlenings-, huur-, werknemers- of graanleweringskontrak is. 'n Kontrak is ook 'n ooreenkoms tussen twee of meer persone, met sekere vereistes, wat deur die reg afgedwing word. Die beste manier om 'n punt te bewys is om dit op skrif te stel. Dit geld alle kontrakte soos graanlewerings, kredietooreenkomste en diensooreenkoms.

Die finansiële bestuurder

Daar is min boerderye in Suid-Afrika, selfs in die wêreld, wat die dienste van 'n finansiële bestuurder kan bekostig. Dit beteken egter nie dat 'n boer sonder hierdie kundigheid moet klaarkom nie. Hierdie kundigheid is op die boer se drimpel beskikbaar as boere eerstens hulle houding teenoor die mense kan verander, tweedens die inligting wat hierdie mense beskikbaar het na waarde ag en derdens bereid is om 'n redelike bedrag vir sulke inligting te betaal.

Die vernaamste plig van 'n finansiële bestuurder is ongetwyfeld die opstel van 'n begroting. Miskien verloor boere die werklike doel van 'n begroting uit die oog. Dit is nie bloot net 'n waardelose maar tog noodsaaklike stukkie papier waarsonder jy nie jou oortrokke fassiliteit vir nog 'n jaar verleng sal kan kry nie. Dit is eerder 'n krtikieke bestuursinstrument waarsonder daar nie 'n behoorlike beplanning vir 'n boerdery se aktiwiteite gedoen kan word nie. Dit word gebruik om die boerdery suksesvol deur die volgende periode van twaalf maande te neem en sit 'n plan uiteen van dit wat in finansiële terme gedoen moet word en wat die verwagte resultate daarvan gaan wees. 'n Boer wat nie van 'n begroting gebruik maak nie is dus nie bevoeg om 'n boerdery te kan bestuur nie.

Suksesresep

Ekonomies gesproke is 'n goedbestuurde boerdery een wat konstant 'n groter wins as soortgelyk gestruktureerde boerderye in dieselfde geografiese omgewing maak. Die verskil kan toegeskryf word aan die feit dat sommige boere 'n beter opbrenge as ander kry, omdat sommige 'n beter prys vir hulle produkte ontvang of omdat ander hulle uitgawes beter bestuur, veral as dieselfde klimaatstoestand en ekonomiese omstandighede op al die boere van toepassing is.

Die moeilikste vir die boer is om te erken dat sy bestuur nie voldoende is om die boerdery van 'n mislukking af weg te hou nie. Baie boere het misluk, nie omdat hulle nie probeer het nie en ook nie omdat hulle nie hard genoeg gewerk het nie maar omdat hulle nie die vermoë het om die boerdery effektief in 'n toenemend komplekse omgewing te kan bestuur nie. Dit is nie net 'n kwessie van die dinge reg te doen nie maar veel eerder om die regte dinge op die regte tyd reg te doen.

Volgende maand begin 'n nuwe reeks oor Meganisasiebestuur

BETHLEHEM
September 2005